**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
|---|---|---|---|
| 0434 | 970116016 | 19.1 | H080 |

10. 1. 1997
16. 1. 1997

PATRIOT Jg. ... Nr. ... P. ... Dat. ...

# BESKERM DAAR DIE BATES



**Hannes Ferguson** *praat* **BOERDERY**

Die dispuut oor die reserwes van die KWV is maar net een uit baie bewyse dat die ANC van plan is om die opgegaarde bates van sake-ondernemings te "nasionaliseer," wat maar net 'n mooi woord is vir "vat." Omdat die boere verdeeld is, word hulle as die dun ent van die wig gebruik. Die private sake-ondernemings sal volg.

Die voorspel van die KWV-drama was die nog steeds onopgeloste dispuut oor die bates van die half-uitgefaseerde bemarkingsrade. Die rade het geëis dat hulle onder die boere, wat die primêre belanghebbendes is, verdeel word. Die regering het glo nog nie besluit nie, maar dit is duidelik dat die hoop skraal is dat hulle daardie geld ooit terug sal sien.

Nou is dit die koöperasies se beurt. Enkeles het reeds tot private ondernemings omgevorm, maar die ander het nou onder Hanekom se skoot gekom, soos Sentraal-Wes. Die geval van die KWV het maar net in die soeklig gekom omdat dié koöperasie dadelik 'n publisiteitsveldtog geloods het.

Intussen is dit reeds duidelik dat die versekeringsbedryf die volgende slagoffer gaan wees. Senhora Ramos, die Portugese direktrise-generaal van die Suid-Afrikaanse Departement van Finansies, het reeds laat blyk dat die ANC sy oog het op die ongeveer R8 000 miljoen versekeringsfonds van Sasria, die herversekeringsmaatskappy vir onlusskade. Die polishouers is die verskillende korttermynversekeraars, waaruit ook die direksie gekies is. Hulle kan dit nie bekostig om 'n groot bohaai teen die huidige regering te maak nie.

Die groot kapitaalbelange sit reg met kontantbedrae van duisende miljoene rande, wat hulle land-uit wil neem. Anglo American het R7 000 miljoen in amper-kontant bymekaar om in die groot Brasiliaanse Vale do Rio Doce mineraalprojek te investeer sodra die Reserwebank dit wil toelaat.

Die KWV-rusie maak die saak waarom dit gaan oorvloedig duidelik. Hanekom wil die R2 000 miljoen bates van dié Koöperasie hê, daarom wil hy verhoed dat die belang in hulle

**TREFWOORDE**

1. Ferguson Hannes
2. Rubrieke
3. Dispuut
4. Bates
5. KWV
6. Hanekom DA
7. Opponering
8. Verandering
9. Maatskappye
10. Nasionale saie

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0434 | 970116016 | 191 | 1408b |

10. 1. 1997
16. 1. 1997

DIE PATRIOT Jg. 16 Nr. 1 P. 16 Dat.

saam met die lede na die te stigte private maatskappy gaan. Die reserwes en ander bates is glo onder die beskerming van 'n wet bymekaar gemaak, wat 'n vroeë vorm van die Koöperatiewe Wet is. Daarom behoort hulle glo aan die baas van die wet, die staat.

Wat van die R7 000m se neseier van Anglo American, wat bymekaar gemaak is onder die Maatskappyewet? As Anglo dit kan doen, en Sanlam, en Ou Mutual, en Barlow's, of enige ander groot maatskappy, waarom dan nie die boere nie?

Dit is die een argument. Behandel almal dieselfde. Die ander argument is die teenoorgestelde. Indien ons aanvaar dat dit inderdaad die plan van die ANC is om almal dieselfde te behandel, naamlik om alle sake-ondernemings bokant 'n bepaalde grootte te nasionaliseer, is dit tog baie duidelik dat die ANC met Anglo, Sanlam, Barlow en die lot nog nie kan maak wat hy wil nie. Hy moet hulle eers sag maak, dan kan hy hulle van 'n kant af vat. Nou is die groot koöperasies onder hulle waarmee die nog baie groter private maatskappye sag gemaak moet word.

Onder die omstandighede is daar net een manier om darem tyd te wen en die kosbare bates te beskerm: skop die grootste moontlike bohaai op, op 'n ordentlike maar onmiskenbaar kragtige manier. Die ANC moet maar anderplek die ekonomie begin sagmaak. Sodra die gevaar ontstaan dat die boere se alarmkreet "nasionalisasie" die groot kapitaalbelange bereik en hul aandeelhouers begin verontrus, is daardie presies wat hulle sal doen. Hulle sal anderplek probeer sagmaak.

Dit is 'n opperste illusie om op die billikheid van die boer se saak staat te maak. Daar is geen billiker saak as die KWV s'n nie. Die bates is bymekaar gemaak omdat die wetgewing dit moontlik gemaak het dat die wynboer homself met 'n poelstelsel dissiplineer. In tye van oorproduksie, of onderverbruik, het die wynboere soms selfs hul oorskotte gratis aan die KWV gelewer sodat hy dit kon verwerk en uitvoer. In sulke swaar jare het hy nog bespaar vir sy toekoms. Die staat, die drankhandel het nie 'n sent bygedra nie. Nou wil Hanekom alles wegvat.

**Beroepe op billikheid, onderhandelings vanuit 'n swak posisie sal nie help nie, dit sal nie die bates beskerm nie. 'n Versetstemming, wettige en billike verset, sal dit wel doen.**

TREFWOORDE
1 ...............
...............
2 ...............
...............
3 ...............
...............
4 ...............
...............
5 ...............
...............
6 ...............
...............
7 ...............
...............
8 ...............
...............
9 ...............
...............
10 ...............
...............